GELOOF In Die Woord



FAITH In The Word

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411 · Website address: www.stangerchristiancentre.co.za

EN GOD HET GESIEN DAT DIT GOED WAS

Ons Here is werklik manjifiek en wanneer ek na Sy skepping om my kyk verwonder ek my aanhoudend oor Sy wysheid en wonderlike werke! Wat 'n verbeelding! Wat se vindingrykheid! – en hoe groot is ons God! Ons lees in Genesis 1 :20-22: **En God het gesê: Laat die waters wemel met 'n gewemel van lewende wesens, en laat die voëls oor die aarde vlieg langs die uitspansel van die hemel. En God het die groot seediere geskape en al die lewende wesens wat beweeg, waar die waters van wemel, volgens hulle soorte; en al die gevleuelde voëls volgens hulle soorte. Toe sien God dat dit goed was. En God het hulle geseën en gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die waters in die see, en laat die voëls op die aarde vermeerder.** Vers 25...**TOE SIEN GOD DAT DIT GOED WAS!**

Die Here het aan elke klein detail gedink toe Hy die Aarde en alles daarop geskape het. Sy skepping is volmaak in elke opsig. 'n Rukkie gelede het ek 'n paar vinke dopgehou wat hul nes bou. Ek was verstom oor hulle presiesheid en vasbeslotenheid in die bou van hulle ingewikkelde geweefde huis wat hulle noukeurig aan 'n palmblaar vasgeheg het wat oor die swembad hang, 'n plek wat hulle versigtig gekies het vir die veiligheid van hulle voorgenome kleintjies. Ek het vasgenael gesit en na die klein voëltjie gestaar wat net sy snawel gehad het om mee te werk en tog daarin geslaag het om 'n perfekte huis te bou waarin hulle hul gesin sal grootmaak. Ek het by myself gedink, hier was die klein "voël van die lug", geskape deur die Here, nie net die argitek en bouer van sy eie huis nie, maar hy het die materiaal (gratis voorsien) bymekaar gemaak, alles deur homself en dit gemaklik ingerig vir sy vrou en toekomstige kinders. Dit het my laat dink dat baie "voëls van die lug" nie net elke dag die Here se voorsiening het nie, maar sommige gaan jaarliks op oorsee se vakansies sonder enige onkoste, om die volgende jaar na dieselfde plek terug te keer om weereens 'n splinter nuwe huis te bou! Hulle ken selfs die seisoene van die jaar wat die Here ingestel het, dus kan ek nie verstaan waar die frase **"voël brein"** sy konnotasie gekry het nie!! Ek weet verseker dat ek nie die vermoë het om te ontwerp, bou, toerus en die nodige materiale te kry om 'n voltooide huis vir ons gesin te lewer nie, selfs met die brein wat ek het en ek het ook nog twee bekwame hande!! Hoe verstommend dat die klein voëltjie dit alles kon uitvoer met daardie klein brein wat die Here aan hom gegee het. **Selfs vind die mossie 'n huis en die swaweltjie 'n nes vir haar, waar sy haar kleintjies neerlê, naamlik u altare, HERE van die leërskare, my Koning en my God! (Psalm 84:4).** Voor ons huis het 'n paar swaeltjies hul volmaakte klein huisie met klein

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - En God het gesien….)
stukkies modder gebou. Hulle het die boumateriaal gekies wat vir hulle huis reg was.

Jesus het vir Sy dissipels gesê: **Word vyf mossies nie vir twee stuiwers verkoop nie? En nie een van hulle is voor God vergeet nie (Luk. 12:6).**

Dan lees ons in Genesis 1 :11-12: **En God het gesê: Laat die aarde voortbring grasspruitjies, plante wat saad gee en bome wat, volgens hulle soorte, vrugte dra, waarin hulle saad is, op die aarde. En dit was so. Die aarde het voortgebring grasspruitjies, plante wat saad gee volgens hulle soorte en bome wat vrugte dra, waarin hulle saad is, volgens hulle soorte. TOE SIEN GOD DAT DIT GOED WAS. Gen. 1:29: Verder het God gesê: Ek gee nou aan julle al die plante wat saad gee, wat op die hele aarde is, en al die bome waar boomvrugte aan is, wat saad dra. Dit sal julle voedsel wees.**

Van die voorafgaande skrifture kan ons aflei dat die saad van alle kruie (eetbare plante) en alle bome bedoel was vir almal op die Aarde. Ek is deeglik bewus van die feit dat sekere plante beter as ander in sommige streke groei en dat sommige glad nie sal groei in sekere gebiede nie te wyte aan die klimaat van daardie gebied, wat ek egter probeer sê is dat God nie uitheemse plante geskape het nie. As dit so was, sou mielies, koring, rys en aartappels, om maar net 'n paar te noem as uitheems in Suid Afrika beskou word en met ons huidige omgewings wette, verban word! Die Here het aan ons alle kruie en bome tot ons voordeel gegee selfs die indringer plante. Ek het onlangs gelees dat indringer plante met groot sukses gebruik word as kunsmis in die Oostelike Provinsie vir die lemoenboorde.

Toe die Here alles geskape het, het Hy gesien dat dit GOED was. Neem as voorbeeld die papawerplant, toe die Here dit geskape het was dit nie net pragtig om na te kyk nie, maar ons kry daarvan "morfien" wat help in die verligting van pyn by pasiënte wat in benoudheid is. Sommige het egter hierdie plant misbruik en kry ons die "opium" verslaafdes wat hulself vernietig en hartseer vir hul geliefdes veroorsaak. Dit maak steeds nie die papawer minder "goed" nie.

Ons weet dat sekere gewasse in 'n sekere tyd van die jaar geplant en geoes word en dit is waarom die Here die Seisoene geskape het: Lente, Somer, Herfs en Winter. **(Gen. 1:14) En God het gesê: Laat daar ligte wees aan die uitspansel van die hemel, om skeiding te maak tussen die dag en die nag; en laat hulle dien as tekens sowel vir vaste tye, asook vir dae sowel as jare.** Daar was altyd die verskillende Seisoene met klimaats-veranderinge sedert die Here die Aarde geskape het. Dit wil egter voorkom dat die term "klimaatsverandering" sinoniem geraak het met Aard/Wêreld verwarming", wat aan dit 'n onheilspellende konnotasie gegee het en die feit oor die hoof sien dat dit die Here was wat die Seisoene geskape het vir Sy doel vir plant en voedsel produksie vir die behoeftes van die mensdom. In die verlede vertel goed bewysde feite ons dat daar 'n Ystydperk was, en onlangs is 'n hele olifant gevind volmaak bewaar in die ys toe 'n gletser in die Noord Pool gesmelt het. Dit bewys dat daar een of ander tyd olifante in daardie geografiese streek was, en as hulle eens daar geleef het, moes hulle voedsel gehad het om te oorleef. Aangesien hulle bome en groenigheid vreet, moes dit gedurende daardie tyd daar gegroei het. Nou met die smelt van die ys in die poolstreke, is dit nie moontlik dat die ysstreek terugkeer na wat dit in vorige tye was nie?

"…Die aarde behoort aan die HERE en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon …" (Psalm 24:1).

Die Here se opdragte aan die mens word gevind in **Gen. 1: 27-31: En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.**
En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip. Verder het God gesê: Ek gee nou aan julle al die plante wat saad gee, wat op die hele aarde is, en al die bome waar boomvrugte aan is, wat saad dra. Dit sal julle voedsel wees.
Maar aan al die diere van die aarde en al die voëls van die hemel en al die kruipende

(Vervolg op Bl. 6)

We receive numerous letters and phone calls daily from people seeking God's answers to their prayers for so many urgent needs. So many of them are desperate, and others are at the point of wanting to give up because the faith needed to continue believing for the answer to their problems is diminishing fast, and yet it is obvious that they **do believe**, otherwise they would not have made the effort to request prayer. It has become obvious that the prophecy in Daniel 7:25 is being fulfilled which warns that the devil , in these last days will attempt to "wear out of the saints of the Most High". This is the modus operandi that Satan is using to discourage the Lord's people, as the as the coming of the Lord draws closer. It is the "saints" who are being targeted, and he knows that the weapon that he is using against us, is the deadliest of all, because it attacks the very faith of the believer. His aim is to wear us out both emotionally and physically. His strategy is to slowly erode our hope, faith, peace and joy, whilst feeding us his lies, and then because of our diminished strength, we often swallow his lies. Satan determined counter attack in the name of the Lord Jesus Christ. We start by declaring that we are not ashamed of the Gospel of Christ, just as Paul did! We believe it! We declare it! And we act upon it! WE ARE TO MAKE A QUALITY DECISION THAT WE WILL NOT ALLOW THE LIES OF THE DEVIL (whom the bible calls the father of lies), TO TAKE AWAY OUR BOLD STAND **IN** THE LORD AND **FOR** THE LORD AND HIS INFALLLIBLE WORD. We do this by firstly recognising the sly methods that the enemy of our soul is using to discourage and depress us, intent on ultimately destroying our trust in the Lord. We need to take a stand on the inside, be alert and examine our attitude regarding the things that are coming against us, immobilising us, and causing us to feel defeated. We must remind ourselves that Jesus paid the price at Calvary, defeating Satan and all his demons and remember that as a child of the Lord we always have victory in every situation! **(Col 2:15)** ***And*** **having spoiled principalities and powers, He made a show of them openly, triumphing over them in it.**(the cross)

BOLD FAITH in JESUS for 2010

knows that most children of the Most High God cannot be tempted to commit murder, adultery or to rob a bank, his end time attack on the saints of the Lord has to be much more subtle and gradual. Jesus said in Luke 18 verse 8: **…. Nevertheless when the Son of man cometh, shall He find faith on the earth?** We know that we are exhorted to **fight the good fight of faith. 1 Tim 6:12,** so it is blatantly obvious that Satan's plan of war on the end time believers will be an out and out attack on their **FAITH** in the Lord and His Word. He wants us to doubt the Lord's promises and His ability to come through for us in our difficulty or situation, be it for healing, finance or relationship problems.

We have already seen how the enemy is achieving his evil purpose by undermining the inspired Word of the Lord, the Bible, by attacking truths such as the virgin birth, the resurrection of Jesus Christ and His deity.

Many Church leaders all over the world are being deceived, some even disputing the integrity of the Lord's written Word, and in so doing undermining the **only absolute truth** and yardstick upon which our faith is founded whilst compromising with and condoning such sin as abortion and homosexuality.

Paul said in **Romans 1 verse 16: For I am not ashamed of the gospel of Christ: for it is the power of God unto salvation to everyone that believeth,** and it is with this attitude of Paul that we, as believers in the Lord Jesus Christ, baptised and filled with the Holy Spirit, must launch a strong, mighty and

In other words, we are to have a heart revelation and really KNOW that Jesus is the victor, and because He indwells us by His Spirit, we can declare with total conviction **that greater is He that is in us, than he that is in the world. (1 John 4:4)** We must believe with confidence that Jesus will provide the answer to every need.

Secondly, we need to regain the BOLDNESS that we originally had with our first love, when we first came to know Jesus as Saviour and Lord of our life. (Rev. 2:4). Satan backs off when he is confronted by a believer who will not be moved, and is bold in his faith! This is evident in the account of the seven sons of Sceva, (Acts 19 verse 14-15). They were trying to exorcise demon spirits in a man, and the evil spirits, brazenly answered them, saying, **Jesus I know, and Paul I know; but who are you?** The devil and his cohorts know all too well who they can mess with, and who to leave alone, because of their boldness and faith in Jesus. In these end times WE need to be of those who cause the demons to shudder, and we will only achieve this when we KNOW the faithfulness of the Lord whom we serve and have confidence in Him! When we have an intimate relationship with Him, we will KNOW without a shadow of a doubt that Jesus is who He says He is, His Word will do what He says it will do, and that we are **more** than conquerors in Him. (Rom. 8:37) We really need to believe this and act upon it!

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 - Bold faith in Jesus for 2010)

Moses, who knew the Lord, BOLDLY declared to the Israelites in Exodus 14:13-16: **Fear ye not, stand still, and see the salvation of the Lord, which He will show to you today**: **……. The Lord shall fight for you, and ye shall hold your peace.** We know that because Moses believed, and was obedient to the Lord's instructions, the Red Sea was divided, and the children of Israel crossed over on dry ground. **Moses gave no place to doubt and unbelief**, but BOLDLY declared His mighty works, even before they had come to pass!

Shadrach, Meshach, and Abednego were to be thrown into the midst of a burning fiery furnace because they would **not** bow down and worship the golden image of Nebuchadnezar. (Dan. 3:13-27) In verse 17 it is recorded that they BOLDLY declared to the king, "**our God whom we serve is able to deliver us from the burning fiery furnace, and He will deliver us out of thine hand, O king".** The furnace was then heated seven times more than before, in fact it was so hot that the men who cast them into the furnace were burnt to death, but the Lord honoured the uncompromising BOLDNESS of Shadrach, Meshach and Abednego, and we read in verse 27 **that the princes, governors, captains and kings counsellors saw their bodies and that the fire had no power, nor was an hair of their heads singed, nor the smell of fire had passed on them.** He is still the same Lord whom we serve today and who is able to deliver us from any fiery ordeal, the problem is, **do we really believe it**, and are we ready to declare it with conviction and great boldness, even before we experience it? Are we truly convinced that He will come through for us in the midst of our problem?

Young David, who KNEW his Lord, saw that there was no one willing to fight Goliath who was mocking the God of Israel and declaring in 1 Sam. 10-11: "**I defy the armies of Israel this day; give me a man, that we may fight together. When Saul and all Israel heard those words of the Philistine, they were dismayed, and greatly afraid".** Then David, the youngest son of Jesse declared BOLDLY in verse 32: **Let no man's heart fail because of him; thy servant will go and fight with this Philistine.**In verses 45-46 we read: **Then said David to the Philistine, Thou comest to me with a sword, and with a spear, and with a shield: but I come to thee in the name of the Lord of hosts, the God of the armies of Israel, whom thou hast defied. THIS DAY WILL THE LORD DELIVER THEE INTO MINE HAND; and I will smite thee, and take thine head from thee; and I will give the carcasses of the host of the Philistines this day unto the fowls of the air, and to the wild beasts of the earth; and that all the earth may know that there is a God in Israel.** David declared boldly what his Lord would do! He spoke it out for all to hear, even before it had happened, and He honoured David's uncompromising faith and boldness.


Take note of the fact that Moses, Shadrach, Meshach, Abednego and David all needed God's supernatural intervention. There was no possible way that they could have found a solution to their individual need, and this is the exact position in which most of our letter readers find themselves.

If we truly KNOW the Lord whom we serve, and BELIEVE that **He is able to do exceedingly abundantly above all that we ask or think, according to the power that worketh in us, (Ephes. 3:20)**, we will BOLDLY declare His ability and His might in every given situation, even before we see the results. WE WILL ONLY DO THIS, HOWEVER, IF WE TRULY TRUST HIM BECAUSE OF OUR KNOWLEDGE OF HIM, THROUGH OUR RELATIONSHIP WITH HIM.

Your guaranteed victory in this New Year of 2010, depends on a quality decision of your own making. You have been given a free will, it is His gift to you, He will not tamper with it and the devil has no control over it. You are responsible for every decision you make! You can decide right now whether or not you believe His Word and are prepared to act upon it without compromise. Decide today right where you are, whether or not you want to resist the devil and his lies. Then once this decision has been made, you need to **submit yourself to God, resist the devil and he will flee**. **Draw nigh to God, and He will draw nigh to you. Cleanse your hands, ye sinners; and purify your hearts, ye double minded. James 4:7-8.** You CHOOSE to believe Him and to be BOLD in faith.

Secondly, you must devour His Word and immerse yourself in the Scriptures, because Hebrew 4 verse 12 tells us that **the Word of God is quick, and powerful, and sharper than any two edged sword.** Remember the Word of the Lord is your weapon and your armour in this end time battle against the wiles of the enemy to wear out the saints. It must be used in faith and with boldness because you are either for Him or against Him, there is no in between. If you are for Him, and I believe that you are, then you need to be a radical, "hot" believer, because the words of Jesus read as follows in **Rev. 3 verse 16**: **So then because thou art lukewarm, and neither cold nor hot, I will spue thee out of My mouth.** There is nothing worse than a lukewarm believer, a fence sitter, a compromiser. You either believe completely or you do not believe at all. There is no room, whatsoever, for doubt and unbelief at this time. Now is not the time for feeble and weak Christians. It is not the time to wallow in self-pity, justify your plight or moan about your lot, as that plays right into the hand of your enemy. That is exactly how he wants us to react and behave. The Bible declares in **Dan. 11:32**: **…..but the people that do KNOW their God shall be strong, and do exploits.** Do you KNOW the Lord? Can you trust Jesus? If so, you can be

(Continued on page 8)



Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Soos so baie vorige kere het ek weer twee versoeke aan u vir voorbidding asb. Dis die enigste uitweg. Ek wil ook baie dankie sê vir die gebed wat verhoor is vir die katarakte, ek lees sonder bril en sien wonderlik vir 'n negentig jarige.

Hettie Lubbe

Baie dankie vir die gebede vir my broer Pieter. Hy het die Here Jesus aangeneem en my telefonies daarvan in kennis gestel. Hy is 'n nuwe skepsel.

Dr L Bester, Bloemfontein

Ek wil u bedank vir al die gebede wat u vir my gedoen het en wil u graag my verhaal vertel. Ek en my man is nou vir 13 jaar getroud en het alles probeer om swanger te raak, maar geen dokter kon my help nie, as gevolg van 'n paar vroulike probleme. My man het ook sowat 7 jaar terug sy werk verloor en werk sedert dan oorsee op kontrak basis. Hy het slegs elke 3 maande huis toe gekom vir net 2 weke lank. Hy het al by verskeie agentskappe in S.A. aansoek gedoen vir werk maar was onsuksesvol. My man was in 2008 werksaam in Egipte en sy kontrak het geëindig Januarie 2009. Dit sou dan beteken dat hy weer sonder werk sou sit. Ons was in Oktober 2008 by 'n kliniek in Sandton om weer te probeer om swanger te raak maar die Dr. kon my nie help nie. Ons het toe op 'n besluit gekom dat ons moet vrede maak en die Here vertrou dat Hy sy wil sal laat geskied. Ek het in Desember 2008 vir my man in Egipte gaan kuier net voor hy sou huis toe kom in Januarie 2009. Ek het in Januarie 2009 uitgevind ek is swanger en my probleme wat ek gehad het is genees. Die dag toe ek my man by die lughawe gaan optel het in Januarie 2009 was ons oppad huis toe, toe hy 'n oproep ontvang het vanaf 'n agentskap in Johannesburg vir 'n onderhoud vir 'n moontlike posisie. My man was vir 3 onderhoude en het die werk in Midrand gekry. Dit is 'n permanente werk met 'n baie goeie salaris en my man is elke aand by die huis. Prys die Here. Vandag 20.10.09 is my dogtertjie al 6 weke oud sy is op 08.09.09 gebore, met geen komplikasies. Ek het 'n wonderlike gesonde swangerskap gehad. Die Here was baie goed vir ons. Hy het my man 'n permanente werk gegee, ons geseën met 'n pragtige gesonde baba dogtertjie. Nogmaals baie dankie vir al julle gebede. **Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle die Vader sal vra in my Naam sal Hy vir julle gee. Joh. 16:23.**

Gerda Myburgh, Vanderbylpark

Die Here is groot! En wonderbaar! Op die baie foto's wat geneem is van my oë was daar skokkende ontdekking. Baie aartjies wat bloeding is. Die moles veral het my verontrus en ek het kanker gedink. Die roof was dien en kon niks aan gedoen word nie. Intussen het dit een oggend in my oog gelê. Toe ek wakker word en moes ek badkamer toe haas om my oog te spoel. Gedink dis 'n gogga of moontlik 'n veer uit die kussing. Dit was toe die roof!! Gebed! Dis al wat nodig was en gevolglik is die swart kol wat my sig belemmer het – weg! Ek kan al my Bybel lees en u wonderlike boekies sonder my vergrootglas. Dankie vir u ondersteuning. Ek loop met meer selfvertroue sonder 'n kierie en ek glo dat die oë geheel gaan genees. Ek sien die blommetjies in die tuin en my gesig in die spieël. Ek is gesond! Dankie vir alles!

Mev B David, HuisLuckhoff

Ek groet u in die mooi wonderlike naam van Jesus. Ek wil u bedank en ook die Here prys vir u gebed en die wonderwerke. Hy is nog dieselfde Jesus. Ons het 'n ruk terug aan u geskryf vir Samuel te bid wat in 'n ongeluk was en vir sy werk. Die Here het so ingegryp die man is terug by sy werk. Die Here moet geprys word!!

Mev M Erasmus, Caledon

Dankie dat ons op u kan vertrou vir gebede. U het gebid vir my seun Albert Fourie, en hy het werk gekry. Hy het sy technikon opleiding in drie maande se tyd voltooi met 'n deurlopende persentasie van 92% .Baie dankie vir julle gebede. Liefde in Jesus ons Koning.

Mev A Fourie, Bethlehem

Baie dankie vir die brief wat ek van u ontvang het. Ek het baie goeie nuus vir u. Die heup het nou al vir een maand geen water gelek nie, die pyn is ook weg. Baie dankie Dr James vir julle gebede, ek glo jul gebede het my genees. Ek vra ook elke dag vir die Here om julle te seën in julle goeie werk. Ek wil vir u nogmaals weer baie dankie sê vir u gebede.

Mev C Matthews, Krugersdorp

(vervolg vanaf Bl. 2 - En God het gesien...)

diere op die aarde, waarin 'n lewende siel is, gee Ek al die groen plante as voedsel. En dit was so.

TOE SIEN GOD ALLES WAT HY GEMAAK HET, EN DIT WAS BAIE GOED. En dit was aand en dit was môre, die sesde dag.

Die Here het nie net alle dinge vir ons oorlewing gemaak nie, maar vir ons om te geniet en vir ons plesier. Daar was 'n tyd toe Sy volk, die Jode sekere diere nie moes eet nie aangesien Hy hulle as "onrein" beskou het, maar toe in die volheid van die tyd vertel die skrif vir ons (Gal. 4:4), dat Jesus as Verlosser na die Aarde gekom het om dit wat in die Here se oë onrein was te reinig.

Ons lees in **Rom. 14:14: Ek weet en is oortuig in die Here Jesus dat niks op sigself onrein is nie, maar hy wat reken dat iets onrein is, vir hom is dit onrein.** Die Apostel Petrus het 'n visioen gesien van onrein diere wat in 'n laken uit die hemel afgekom het en die Here het deur dit met hom gespreek en aan hom gewys dat hy nie die heidene langer as onrein moet beskou nie, omdat Jesus ook vir hulle gesterf het. **(Hand. 10 :10-16) En hy het baie honger geword en wou eet; en terwyl hulle besig was om klaar te maak, het daar 'n verrukking van sinne oor hom gekom: hy sien die hemel geopend en 'n voorwerp soos 'n groot laken na hom afdaal, wat aan die vier hoeke vasgebind is en op die aarde neergelaat word. Daarin was al die viervoetige diere van die aarde en die wilde en kruipende diere en die voëls van die hemel. Toe kom daar 'n stem na hom: Staan op, Petrus, slag en eet! En Petrus sê: Nooit nie, Here, want ek het nooit iets onheiligs of onreins geëet nie. En weer het die stem vir die tweede keer na hom gekom: Wat God rein gemaak het, mag jy nie onheilig ag nie. En dit het drie maal gebeur, en die voorwerp is weer in die hemel opgeneem.** Lees die res van die wonderlike verslag in Hand. 10 van die eerste heidene wat gered is toe Petrus, in gehoorsaamheid aan die Here, na die huis van Cornelius die hoofman gegaan het en hom van Jesus die Redder vertel het en hy en sy huishouding is gered. Hulle was in die oë van die Here geheilig.

Paulus het aan Timotheus geskryf en hom vertel van skynheiliges wat in die laaste dae sal kom en dwaling sal verkondig ..... **die mense hulle moet onthou van voedsel wat God geskape het om met danksegging gebruik te word deur die gelowiges en die wat die waarheid ken. Want alles wat deur God geskape is, is goed, en niks is verwerplik as dit met danksegging ontvang word nie; want dit word geheilig deur die woord van God en die gebed (1 Tim. 4 :3-5).**

En dan sê hy in **1 Tim. 6:8: Maar as ons voedsel en klere het, moet ons daarmee vergenoeg wees.** Maar terug na my klein voëltjie. Jesus het aan Sy dissipels gesê in **Matt. 10 : 29 – 31:**

Word twee mossies nie vir 'n stuiwer verkoop nie? En nie een van hulle sal op die aarde val sonder julle Vader nie. En van julle is selfs die hare van die hoof almal getel. Wees dan nie bevrees nie: julle is meer werd as baie mossies. En Hy het aangegaan in **Luk. 12; 22 – 24: En Hy het aan sy dissipels gesê: Daarom sê Ek vir julle: Moenie julle kwel oor jul lewe, wat julle sal eet, of oor jul liggaam, wat julle sal aantrek nie. Die lewe is meer as die voedsel en die liggaam as die klere. Kyk na die kraaie, want hulle saai nie en hulle maai nie; hulle het geen voorraadkamer of skuur nie, en tog voed God hulle. Hoeveel meer is julle nie werd as die voëls nie!**

Ek wil julle reg aan die begin van hierdie nuwe jaar van 2010 bemoedig, dat dit nie saak maak wat die "wysheid van die mens" propageer in die vorm van ondergang en duistereheid in die tyd nie, met al sy humanistiese wette wat uitgevaardig word in die naam van menseregte en onthou **dat die Here steeds ten volle in beheer is** van Sy skepping; en al die Seisoene, klimaatsveranderinge, plantlewe en dierelewe is alles in Sy hande. **Die aarde behoort aan die HERE en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon (Psalm 24:1).**

As Hy dan omgee vir Sy skepping, hoeveel meer gee Hy nie om vir my en jou nie. Joh. 3: 16 sê vir ons dat Hy die wêreld so lief gehad het dat Hy Sy enig gebore Seun gegee het om vir ons te sterf sodat ons die ewige lewe kan ontvang. Joh. 10 : 10 sê dat Jesus gekom het sodat ons oorvloedige lewe kan hê.

Ons bid die Here dat Hy na julle sal omsien in hierdie nuwe jaar van 2010. Ons bid vir Sy beskerming, voorsiening, vir Sy liefde, vrede en vreugde en onthou, netsoos met daardie klein voëltjie, laat ons ons tyd en energie plaas in dit wat

(Vervolg op Bl. 8)



uit **Dr James** se kantoor

Groete aan die familie van ons Hemelse Vader,

Ons is opgewonde om ‘n nuwe jaar te begin met die wete dat Jesus se koms ‘n jaar nader is, en moontlik net om die draai volgens die tekens van die tye. My gebed is dat nie een van ons sal agterbly nie, maar dan hang dit natuurlik van onsself af wat ons met hierdie tydjie wat voorlê gaan doen – gaan ons gehoorsaam wees aan die opdragte in die Woord en daders wees van daardie opdragte, en op die rots bou, of maar tevrede wees om op die sand te bou? Ons Here deur Sy groot genade het ons nog ‘n tydjie gegun om siele vir Sy Koninkryk in te bid en om voor te berei. Ek hoop dat ons soos die Jode kan wees wat hulle Messias elke dag verwag. En as Hy nie daardie dag kom nie, sê hulle, “Môre sal Hy daar wees.” En so is hulle gereed en leef in verwagting daagliks. Ons moet dieselfde verwagting hê.

Ons dank ons Here vir Sy goedheid wat Hy die afgelope 12 maande bewys het. Ons dank Hom vir die wonderwerke en seëninge van ons liggame en bewaring van ons geliefdes, en ons bid vir hierdie jaar, dat die juwele van Sy Woord steeds in ‘n grote mate aan ons openbaar sal word, sodat die waarhede daarvan ons sal versterk en oorwinning oor al Satan se misleidings en aanvalle sal skenk, want dit is tog net die waarheid wat ons vrymaak en Sy Woord is die Ewige Waarheid. Ons vra Hom om ons te help om op hierdie waarhede te reageer en ander te help om ook gehoorsaam en daders van die Woord te wees, sodat ons lewens op Jesus, ons Rots gevestig sal bly en dat ons nie wankel wanneer die storms van Satan teen ons kom nie. Ons bid ook vir ons pragtige land en leiers, en vra dat die Here hulle wysheid in hulle besluite sal gee, en Homself aan hulle sal openbaar. Ons bid ook vir die nodige reën vir hierdie jaar, dat die Here dit op die regte tyd sal stuur en die regte hoeveelheid. Ons weet dat reën een van die belangrikste seëninge is van die Here, en ons gee Hom al die erkenning, eer en verheerliking daarvoor. Ons bid ook vir die Land van Israel, en haar volk, en vir die vrede van Jerusalem, want die Here belowe ons in Sy Woord dat diè wat Israel seën, sal geseën word. Mag Israel, die Here se Beloofde land, die appel van Sy oog, Sy beskerming, wysheid en voorspoed ervaar. Ons dink aan die Liggaam van Christus in hierdie jaar, die Kerk van ons Here Jesus in hierdie land en wêreld wyd, en vra dat Jesus Sy kerk volgens Sy beloftes sal behoed en bewaar. Ons gebed is dat ons almal gereed sal wees wanneer die Basuin weerklink en Jesus op die wolke verskyn. Laat ons in hierdie nuwe jaar die tyd wat ons Here deur Sy genade aan ons skenk, gebruik om ons gereed te maak vir die groot oomblik wanneer Jesus ons kom haal.

Ek het besluit om al die boeke wat ek geskryf het op ‘n CD te plaas teen ‘n prys van R25. Dit sluit die posgeld in sodat daardie persone wat nie toegang tot die internet het nie, sal die boeke op ‘n komper, enige plek in die wêreld kan lees, en as hulle wil, afdrukke daarvan maak. Een CD kan duisende mense toegang gee tot al die boeke, en op anders kompers afgelaai word. En so kan die Woord van die Here tot die uiterste eindes van die wêreld versprei word. Die Woord sê in Matt. 24:14: **En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot ‘n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom.**

Die Woord sê in Matt. 25 van vers 31, dat wanneer die Here terug keer in al Sy glorie, en op Sy oordeel troon sit, sal Hy sê: Ek was honger, Ek was siek, Ek was naak en Ek was arm. Wanneer ons die Woord versprei, voed ons die honger met die Brood van die Lewe (die Woord), ons gee medisyne vir die siek (die Woord), ons beklee die naakte met die Woord van geregtigheid, en ons gee aan die armes die rykheid van die Woord. Dan sal die Here sê as jy dit aan die minste gedoen het, het julle dit vir My gedoen. U kan almal deel wees van hierdie Evangelie tot aan die voleinding van die wêreld

“...Wanneer ons die Woord versprei, voed ons die honger met die Brood van die Lewe (die Woord), ons gee medisyne vir die siek (die Woord), ons beklee die naakte met die Woord van geregtigheid, en ons gee aan die armes die rykheid van die Woord...”

Weereens wil ek, Meg en almal by die sentrum u baie bedank vir wat u vir ons in 2009 beteken het! Ons dank u vir u wonderlike ondersteuning deur liefde, getuies, finansies en al die gebede wat ons in staat stel om die ware Goeie Nuus te verkondig in hierdie eindtye. Baie dankie dat julle ons arms omhoog hou.

Mag die Here julle wonderlike rus, vrede en vreugde gedurende hierdie vakansie tyd gee en julle op die paaie beskerm.

Mag Hy julle ryklik seën in alle opsigte in hierdie belangrike nuwe jaar wat voorlê.

Baie liefde van ons almal by die sentrum in die wonderlike naam van Jesus Christus.

Dr James

(Continued from page 4 - Bold faith in Jesus for 2010)

strong and bold and do exploits and the devil with all his whiles, can never wear you down.

Remember that we are in end time warfare, and that our greatest weapon is the Word of God, it is also our greatest shield and armour. **Faith comes by hearing, and hearing by the Word of God, (Rom. 10:17)** and **without faith it is impossible to please Him: for he that cometh to God must believe that He is, and that He is a rewarder of them that diligently seek Him. (Heb. 11:6).** The Word of God is the missile that will defeat the enemy in His attempt "to wear you down", and YOUR MOUTH is the launching pad for this weapon of mass destruction of the enemy. Your mouth must BOLDLY PROCLAIM AND DECLARE THE WORD AND WORKS OF OUR MIGHTY LORD, THE GOD OF ABRAHAM, ISAAC AND JACOB. The Bible declares that there is life or death in the power of the tongue. (Prov. 18:21).

"...We need to know what His Word declares regarding every problem that can occur in our life. In His Word lies the answer for every situation, and we need to BOLDLY pray and proclaim that answer, believing Him to perform it in our life. And because His Word, according to Isaiah 55 verse 11, will not return unto Him void, but will accomplish what it is meant to do, you too can boldly say as Jesus did in Luke "Satan it is written…!" .." (Luke 4:8)

This is not the time to become warn out by the devil, we need to rise up, speak up and look up, for our redemption draws nigh! Jesus is coming soon, we must be full of faith and boldness, and ready for His return!

We need to know what His Word declares regarding every problem that can occur in our life. In His Word lies the answer for every situation, and we need to BOLDLY pray and proclaim that answer, believing Him to perform it in our life. And because His Word, according to **Isaiah 55 verse 11**, **will not return unto Him void, but will accomplish what it is meant to do**, you too can boldly say as Jesus did in Luke "Satan it is written…!" (Luke 4:8)

Let us make a quality decision right at the beginning of this year to stand upon His Word, as it is of the utmost importance! Let us read it! Believe it! Proclaim it! And then ACT upon it in 2010!! It is our strength and our life! ☐

(Vervolg vanaf Bl 6 - En God het gesien...)

byderhand is en weet dat ons, ons nie hoef te kwel oor more nie, omdat **God het mag om alle genade oorvloedig oor julle te laat wees, sodat julle altyd in alle opsigte volop kan hê en oorvloedig kan wees tot elke goeie werk. Soos geskrywe is: Hy het uitgestrooi, hy het aan die armes gegee, sy geregtigheid bly tot in ewigheid. En mag Hy wat saad verskaf aan die saaier, ook brood verskaf om te eet en julle saad vermeerder en die vrug van julle geregtigheid laat toeneem, sodat julle in alles ryk kan word tot alle milddadigheid, wat danksegging aan God deur ons bewerk (2 Kor. 9: 8-11).** ☐

NEW BOOKS AVAILABLE

Man's Wisdom is Foolishness with God – M72 @ R10.00

Divine Wisdom for Man - M73 @ R10.00

Israel or Ishmael - @ R8.00

Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.